| | | | |
|---|---|---|---|
| ***Project Cost - Aug '25*** | ***R*** | ***100 000 000*** | |
| Interest rate [%/yr] | | 15.0% | |
| Period (yr) | | 8.0 | |
| Annuity per Month | R | 1 794 541 | |
| | | 1.8% | |
| BESS [kWh/cycle] | | 4 512 | |
| BESS [kWh/month] | | 137 616 | |
| Hartenbos Energy Rate [c/kWh] | | 1 304 | |
| Benchmark Solar Cost [c/kWh] | | 120 | |
| Benchmark BESS [c/kWh] | | 600 | |
| BESS:Solar Availability | | 5 | |
| Benchmark Cost [c/kWh] | | 620 | |
| | | | (accuray of numbers per media article?) |
| ***Hartenbos Premium*** | | ***210%*** | |
| required generation capacity [kW] | | 1 003 | |
| generation rate [kWh/kW] | | 4.5 | |



# Hartenbos kry gou hibriede sonkragstelsel

Jackie Kruger

'n Hibriede fotovoltaïese sonkragstelsel wat teen 'n koste van meer as R100 miljoen by die aanleg vir afvalwaterbehandeling in Hartenbos naby Mosselbaai opgerig word, sal nie net help om hoër fases van beurtkrag te troef nie, maar ook om Mosselbaai se kragvraag van Eskom te verminder.

Die stelsel is volgens die Mosselbaai-munisipaliteit die eerste in dié munisipale gebied. Die projek is tans in sy finale stadiums met die inbedryfstelling en toetsing wat in die komende weke sal begin.

Sodra dit operasioneel is, sal dit volgens die munisipaliteit as 'n voorbeeld dien van hoe munisipaliteite hernubare energie kan benut om noodsaaklike dienste te beskerm en afhanklikheid van tradisionele kragbronne te verminder.

Cornelle Carstens, munisipale woordvoerder van Mosselbaai, het gister by navraag gesê die stelsel sal ondersteuning bied gedurende alle kragonderbrekings, nie net beurtkrag nie.



Die stelsel bestaan uit 'n battery-energie-bergingstelsel met 'n kapasiteit van 4 512 kWh, ontwerp om energie te stoor wat opgewek word deur 4 536 sonpanele wat op die perseel geïnstalleer is.

THAWLIB DAVIDS, Netwerk24-grafika

"Boonop is die stelsel voordelig vir die totale netwerk deur die uitvoer van energie tydens piektye saans."

Die projek bestaan uit 'n battery-energie-bergingstelsel met 'n kapasiteit van 4 512 kWh. Die stelsel is ontwerp om energie te stoor wat deur 4 536 sonpanele gegenereer word wat op die perseel by die aanleg geïnstalleer is, volgens die munisipaliteit. Dit is op die R102, naby die Monte Christo-ekolandgoed.

Die stelsel sal die aanleg in staat stel om onafhanklik te funksioneer tydens kragonderbrekings (wat beurtkrag tot fase 6 insluit wat onderbrekings van tot vier uur lank tot gevolg het).

Luidens 'n verklaring wat meer besonderhede oor die projek verskaf, beloop die koste sowat R112 miljoen en is die tydlyn vir konstruksie 18 maande. Die eerste kragopwekking vanaf die stelsel word teen laat Oktober vanjaar verwag. Behalwe vir rugsteunkrag, is die stelsel ook ontwerp om te help om energie na die munisipale netwerk uit te voer.

Volgens die munisipaliteit sal die stelsel in tye wanneer geen beurtkrag voorkom nie, 'n gedeelte van die gestoorde energie gedurende piektye saans na die munisipale netwerk uitvoer. Dit sal Mosselbaai se maksimum kragaanvraag vanaf Eskom verminder, asook druk op die nasionale kragnetwerk verlig.

Die finale stelselintegrasie en toetse sal binnekort begin om te verseker dat alle komponente, van sonkragopwekking tot battery-ontlading, foutloos funksioneer, volgens die munisipaliteit.
– jkruger@24.com